basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

ONTWERP

EKSAMENRIGLYNE

GRAAD 12

2014

Hierdie riglyne bestaan uit 20 bladsye.

Kopiereg voorbehou

INHOUDSOPGAWE

		Bladsy
HOOFSTUK 1:	**INLEIDING**	3
HOOFSTUK 2:	**ASSESSERING IN GRAAD 12**	4
2.1	Formele assessering in Graad 12	4
2.2	Vraestel 1: Ontwerp in konteks (Onderwerp 3)	5
2.3	Vraestel 2: Praktiese eksamen (Onderwerp 1 en 2)	10
2.4	Kognitiewe vlakke	15
HOOFSTUK 3:	**UITBREIDING VAN DIE INHOUD VIR GRAAD 12 (KABV)**	16
HOOFSTUK 4:	**ALGEMENE VAKINLIGTING**	18
4.1	Terminologie	18
4.2	Hulpbronne	18
HOOFSTUK 5:	**ALGEMENE RIGLYNE VIR DIE BEANTWOORDING VAN ONDERWERP 3**	19
HOOFSTUK 6:	**SLOT**	20

HOOFSTUK 1: INLEIDING

Die Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring (KABV) vir Ontwerp beskryf die aard en doel van die vak Ontwerp. Dit gee leiding aan die filosofie wat die basis is van die onderrig en assessering van die vak in graad 12.

Die doel van hierdie Eksamenriglyne is om:

- Duidelikheid te gee oor die diepte en omvang van die inhoud wat in die graad 12 Nasionale Seniorsertifikaat (NSS) -eksamen in Ontwerp geassesseer gaan word.
- Bystand te verleen aan onderwysers om leerders doelmatig vir die eksamens voor te berei.

Hierdie dokument gee aandag aan die finale graad 12 eksterne eksamens. Dit behandel op geen vlak die Skoolgebaseerde Assessering (SBA), Praktiese Assesseringstake (PAT'e) of finale eksterne praktiese eksamens, wat in 'n aparte PAT-dokument verduidelik word en elke jaar opgedateer word, nie.

Hierdie Eksamenriglyne moet gelees word saam met:

- *Die Nasionale Kurrikulumstelling (NKS) se Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring (KABV)*: *Ontwerp*
- Die Nasionale Protokol vir Assessering: *'n Addendum tot die beleidsdokument, die Nasionale Senior Sertifikaat: 'n Kwalifikasie op Vlak 4 op die Nasionale Kwalifikasieraamwerk (NKR) rakende die Nasionale Protokol vir Assessering (Graad R–12)*
- Nasionale beleid met betrekking tot die program- en promosievereistes van die Nasionale Kurrikulumstelling, Graad R–12

HOOFSTUK 2: ASSESSERING IN GRAAD 12

2.1 Formele assessering in graad 12

Alle Ontwerp-kandidate sal twee eksterne vraestelle, soos voorgeskryf, voltooi:

Vraestel	Tipe vraestel	Duur	Totaal	Datum	Nasienproses
1	**Teorie**	3 uur	100	Oktober/November	Ekstern
2	**Prakties**	Maksimum 24 uur	100	Oktober/November	Ekstern

Aan die einde van graad 12 sal Ontwerp-leerders soos volg nagesien word:

- **SGA-punt:** Rou punte en totale vir assesseringstake verwerk vanaf Kwartaal 1 tot Kwartaal 3 **100**
- **Jaaruitstalling:** 4–5 produkte (2 PAT'e + 1 proefeksamen-prakties + 1 werk van graad 11) **100**
- **Praktiese eksamen:** Werkboek en produk, ekstern opgestel en nagesien **100**
- **Teorie-eksamen:** Ekstern opgestel en nagesien **100**

400

TOETSE EN EKSAMENS

- Formele assessering behoort nie uit 'n reeks klein toetsies te bestaan nie, maar behoort 'n aansienlike hoeveelheid inhoud te dek en die duur behoort 45 tot 60 minute te wees.
- Oopboektoetse kan ook opgestel word. Dit vereis van leerders om inligting te vind. Leerders word vir die begrip van leermateriaal getoets en net vir nie die blote oorskryf van feite nie. Oopboektoetse behoort nie slegs kortvrae in te sluit nie. Daar word van leerders verwag om langer, reflektiewe antwoorde te skryf, soos paragraaftipe antwoorde op 'n gegewe scenario. Paragrawe wat redes verskaf en bewyse/ argumente ondersteun, is noodsaaklik.
- Elke toets, oopboektoets en eksamen moet voorsiening maak vir 'n reeks kognitiewe vlakke en moet ook paragraaftipe antwoorde insluit.
- Vrae moet ongesiene visuele beelde insluit om leerders se visuele-analise-vaardighede te toets. Hierdie beelde moet verband hou met Suid-Afrikaanse en internasionale ontwerpe/bewegings/beskawings wat hulle bestudeer het.

2.2 VRAESTEL 1: Ontwerp in Konteks (Onderwerp 3)

RIGLYNE

Die Nasionale Departement van Basiese Onderwys stel die geskrewe eksamen (Onderwerp 3) op volgens toegekende inhoud wat deur die jaar onderrig is.

Die **eksamenformaat** sal uit die volgende bestaan:

1. Daar is **SES** vrae in die vraestel wat in 'n 3 uur-periode beantwoord moet word.
2. Daar is keuses in sommige vrae in die vraestel. Die opsies moet versigtig gelees word. Die totale punte vir Vraestel 1 (Onderwerp 3) is 100 punte.
3. Die vraestel word in DRIE afdelings verdeel:

AFDELING A: ONTWERPGELETTERDHEID [30 punte]

VRAAG 1: Analise van ongesiene voorbeelde – SUID-AFRIKAANS EN/OF INTERNASIONAAL: 'n keuse tussen 2D en 3D mag gegee word (10 punte)

Hierdie vraag sal die leerder se vermoë om te ontleed/krities met voorbeelde van ontwerp vanuit enige kategorie of dissipline te werk, assesseer deur te verwys na:

- Die gebruik van die elemente en beginsels van ontwerp. Leerders moet in staat wees om te verduidelik hoe elke element of beginsel gebruik word en hoe hierdie gebruik 'n invloed het op die voorkoms ('look') en gevoel van die ontwerp. Beskrywing van die element is nie voldoende nie (bv. 'die lyne is organies' is 'n waarneming of beskrywing). Van leerders sal verwag word om uit te brei op die uitwerking van hierdie soort lyn op die geheel, bv. 'die gebruik van organiese lyne ontlok beweging en vloei'.
- Algemene en huidige ontwerpterme en -konsepte, asook terme en konsepte wat tydens die studie van ontwerpgeskiedenis gedek is (bv. leerders moet in staat wees om ongesiene ontwerpe te bespreek ten opsigte van terme en konsepte wat verband hou met ontwerpbewegings of -style deur die eeue), soos funksionalisme, minimalisme, eklektisisme, avant-garde, anti-ontwerp, 'hard-edge', biomorfies, populêre kultuur, subkulture, geslagspesifiek, eksklusiwiteit, feminisme, hibridisme, dekonstruktivisme, ens.
- Huidige ontwerpkwessies, bv. hoe die gebruik van inheemse handwerkstelsels in kontemporêre ontwerp 'n gevoel van trots ten opsigte van erfenis skep (Trots Suid-Afrikaans), hoe mensgesentreerde ontwerp die menslike ervaring en lewenskwaliteit kan verbeter, kuns- of handwerk-debatte, handgemaak of masjiengemaak, 'upcycle' versus herwin, funksionalisme versus dekoratief, minder is meer versus minder is vervelig, ens.

AANBEVOLE HULPBRONNE OF LOOM:

- Vorige vraestelle
- Huidige ontwerptydskrifte – beide Suid-Afrikaans en internasionaal, bv. *Visi*, *Ijusi*, *Design Indaba*, *Migrate Magazine*
- Die Internet

VRAAG 2: Kommunikasie deur ontwerp (ongesien) – SUID-AFRIKAANS EN/OF INTERNASIONAAL (10 punte)

Hierdie vraag assesseer die leerders se vermoë om boodskappe wat deur ontwerpe oorgedra word, te verstaan en hul vermoë om hierdie begrip duidelik uit te druk. Leerders moet in staat wees om:

- Algemene simbole in die konteks van die ontwerp te 'lees'.
- Die gebruik van stereotipes, vooroordeel, diskriminasie, partydigheid en subliminale boodskappe krities te evalueer.
- Die 'boodskap' van 'n ontwerp te verduidelik en om hierdie verduideliking met duidelike verwysing na die ontwerp te kan ondersteun.

AANBEVOLE HULPBRONNE OF LOOM:

- Vorige vraestelle
- Huidige ontwerptydskrifte – beide Suid-Afrikaans en internasionaal
- Die Internet
- Enige ander beskikbare bronmateriaal

VRAAG 3: Vergelyking tussen Suid-Afrikaanse en internasionale ontwerp (ongesien) (10 punte)

Die leerders se begrip van die verband tussen Suid-Afrikaanse en internasionale ontwerp sal geassesseer word. Hulle moet in staat wees om die invloed van die Suid-Afrikaanse en/of Afrika-ontwerp op internasionale ontwerp en omgekeerd te kan sien. Inheemse kennisstelsels kan ook hier gevra word. Hierdie vergelyking moet in opstelvorm geskryf word. Dit is 'n hoër-orde kognitiewevlak-vraag en 'n vermoë om een toepaslike eienskap of aspek (bv. materiale en tegnieke) op 'n keer te isoleer en die gebruik daarvan in beide ontwerpe te bespreek (d.w.s. ooreenkomste en verskille uit te wys) word verwag. Geen punte sal aan twee afsonderlike opstelle nie toegeken word.
'n Vergelyking tussen Suid-Afrikaanse kontemporêre en internasionale klassieke argitektuur kan ook hier gevra word.

AANBEVOLE HULPBRONNE OF LOOM:

- Vorige vraestelle
- Huidige ontwerptydskrifte – beide Suid-Afrikaans en internasionaal
- Die Internet
- Handboeke wat deur die Departement van Basiese Onderwys (DBO) goedgekeur is

AFDELING B: ONTWERPGESKIEDENIS [30 punte]

VRAAG 4: Ontwerpgeskiedenis (30 punte)

Hierdie vraag sal in onderafdelings verdeel word.

Leerders moet in staat wees om die DOELSTELLINGS, INVLOEDE en KENMERKE van elk van die ontwerpbewegings wat bestudeer moet word (uiteengesit in die inhoud van Kwartaal 1 van die KABV-dokument en in 2.2 Onderwerp 3 van hierdie dokument) te beskryf. Dit is 'n laer-orde kognitiewevlak-vraag. Hulle moet ook in staat wees om na ten minste EEN ontwerper en ontwerp vir elke beweging te verwys om hierdie doelwitte, kenmerke ens. te verduidelik.

Hoër-orde kognitiewevlak-vrae sal ook gevra word, bv. leerders moet in staat wees om twee of meer van hierdie bewegings te VERGELYK om ooreenkomste en verskille aan te dui. Hulle moet ook in staat wees om die waarde/bydrae van elke beweging vir die ontwikkeling van ontwerp te verduidelik. Leerders moet in staat wees om op 'n verklaring te reageer en dit met een of meer bewegings in verband te bring. Die belangrikheid daarvan om die antwoord direk met die stelling in verband te bring moet beklemtoon word.

Ongesiene voorbeelde van Suid-Afrikaanse ontwerp (verlede en hede) kan gegee word en leerders moet in staat wees om die invloed van ontwerpgeskiedenisbewegings op hierdie ontwerpe te herken en te verduidelik.

'n Vergelyking tussen klassieke en kontemporêre argitektuur kan ook hier gevra word.

AANBEVOLE HULPBRONNE OF LOOM:

- Handboeke wat deur die DBO goedgekeur is
- Vorige vraestelle
- Huidige ontwerptydskrifte – beide Suid-Afrikaans en internasionaal
- Die Internet

AFDELING C: ONTWERP IN 'N SOSIOKULTURELE/OMGEWINGS- EN VOLHOUBARE KONTEKS [40 punte]

VRAAG 5: Ontwerp en sosiokulturele kwessies (20 punte)

Leerders moet die verskil tussen handwerk en ontwerp verstaan en moet in staat wees om die waarde van INHEEMSE KENNISSTELSELS oor die algemeen en die waarde vir Suid-Afrikaanse kontemporêre ontwerp te verduidelik.

Hierdie vraag vereis van leerders om die DOELSTELLINGS, INVLOEDE/OORSPRONG en KENMERKE van DRIE Suid-Afrikaanse HANDWERKONTWERPERS of ONTWERP-GROEPE, sowel as ten minste EEN ontwerp deur elk wat duidelik hul styl weerspieël te ken.

Daar word aanbeveel dat:
- EEN hiervan 'n tradisionele handwerk is
- EEN 'n kontemporêre ontwerper of ontwerpgroep is wat deur hierdie tradisionele handwerk geïnspireer is
- EEN 'n ontwerper of groep is wat handwerk gebruik om te bemagtig

Die werk van ten minste EEN van hierdie ontwerpers/groepe moet SOSIALE/ KULTURELE verantwoordelikheid toon en minstens EEN moet verantwoordelikheid vir die OMGEWING (VRAAG 6) toon.

Leerders moet ook EEN BEKROONDE INTERNASIONALE ONTWERPER wie se werk SOSIALE/KULTURELE verantwoordelikheid toon, ken.

Leerders moet 'n begrip toon van hoe ontwerp gebruik kan word om 'n bewustheid van werklike plaaslike, streeks- en nasionale sosiale kwessies te skep, andere op te hef en sosiaal verantwoordelike boodskappe oor te dra. Hulle moet konsepte verstaan, relevante en toepaslike terminologie, soos bemagtiging, vaardigheidsopleiding, NRO (nie-regeringsorganisasie), gemeenskapsbewussyn, kultuuridentiteit, ens., ken en in staat wees om dit te gebruik.

AANBEVOLE HULPBRONNE OF LOOM:
- Vorige vraestelle
- Huidige ontwerptydskrifte – beide Suid-Afrikaans en internasionaal
- Die Internet
- Handboeke wat deur die DBO goedgekeur is

VRAAG 6: Ontwerp en omgewings-/volhoubare kwessies (20 punte)

Hierdie vraag vereis van leerders om ten volle bewus te wees van huidige omgewingskwessies en van hoe ontwerp gebruik kan word om daartoe by te dra om hierdie kwessies te ondersoek. Hulle moet in staat wees om te verduidelik wat ontwerpers se verantwoordelikhede ten opsigte van keuse van materiale en produksiemetodes is; hulle moet ook in staat wees om te verduidelik wanneer onverantwoordelike keuses gemaak is. Ongesiene voorbeelde kan gegee word wat ontleed moet word vir hul vlak van omgewingsverantwoordelikheid.

Hulle moet al die relevante woordeskat tot hul beskikking hê om vrae met betrekking tot omgewingskwessies te verstaan en in staat te wees om goeie antwoorde te gee (bv. ekobewus, groen, volhoubaar, kweekhuiseffek, bioafbreekbaar, toksiese afval, stortingsterreine, koolstofvoetspoor, herwinning, hergebruik, mensgesentreerdheid).

Daar word van leerders verwag om die DOELSTELLINGS, INVLOEDE en KENMERKE van ten minste EEN SUID-AFRIKAANSE ontwerper en van ten minste EEN BEKROONDE INTERNASIONALE ontwerper, wie se werk die ondersoek van OMGEWINGSVRAAGSTUKKE toon, te ken. Vir elk van hierdie ontwerpers moet die leerders ook ten minste EEN ontwerp wat duidelik omgewingsverantwoordelikheid illustreer, ken.

AANBEVOLE HULPBRONNE OF LOOM:
- Vorige vraestelle
- Huidige ontwerptydskrifte – beide Suid-Afrikaans en internasionaal
- Die Internet
- Handboeke wat deur die DBO goedgekeur is

VORIGE VRAESTELLE IS VERKRYGBAAR OP DIE VOLGENDE WEBTUISTES:
Die nuwe KABV-vraestel sal vrae bevat wat oorvleuel met VRAAG 1, 2, 3, 4, 5 en 6 van vorige eksamenvraestelle; dit kan dus steeds vir onderrig gebruik word.

VRAAG 7 oor die Besigheidskonteks is nou deel van Onderwerp 1 in die KABV.

http://www.education.gov.za/Examinations/PastExamPapers/tabid/351/Default.aspx

www.ecexams.co.za

www.designvisualarts.co.za

2.3 VRAESTEL 2: Praktiese Eksamen (Onderwerp 1 en 2)

TYD:	Onderwerp 1: Praktiese proses/voorbereiding by die skool en/of huis gedurende Kwartaal 3 Onderwerp 2: Praktiese produk gedoen onder gekontroleerde omstandighede slegs by die skool gedurende 'n geskatte 24 uur (ten minste 12 uur, maar nie langer nie as 24 uur)
UITDEEL:	Sal deur die DBO aangedui word.
SPERDATUM:	Sal deur die DBO aangedui word.

Hierdie praktiese eksamen bestaan uit EEN vraestel met twee opsionele onderwerpe.

Leerders moet EEN van die twee opdragte/temas kies, tensy anders vermeld.

Hierdie vraestel bestaan uit TWEE dele:

- Die eksamenwerkboek/-bronboek (A3-grootte voorgestel) (Onderwerp 1) (50 punte)
- Die finale praktiese eksamenproduk (Onderwerp 2) (50 punte)

Die leerder moet uit EEN van die volgende kategorieë te kies:

- Visuele Kommunikasie/Inligtingsontwerp en Digitale Ontwerp
- Oppervlakontwerp en Tweedimensionele Handwerkontwerp
- Produkontwerp en Driedimensionele Handwerkontwerp
- Omgewingsontwerp

Die praktiese eksamen word deur die Nasionale Departement van Basiese Onderwys opgestel.

LET WEL: Die maksimum duur van die hele praktiese eksamenproses sal op die nasionale praktiese Vraestel 2 aangedui word. Die bestuur van AFDELING B sal provinsiaal geadministreer word, met die nasionale riglyne wat in ag geneem word.

Die opdrag/tema sal 'n wye en oop tema wees om voorsiening te maak vir die diverse oplossings in die verskillende spesialisasiedissiplines.

RIGLYNE (INSTRUKSIES AAN DIE ONDERWYSER)

AFDELING A: BRONBOEK/WERKBOEK (Onderwerp 1) [50]

- Die onderwyser mag die leerders **lei** in hul keuse van 'n ontwerpopdrag in AFDELING A. Die leerders mag **gelei** word in hul keuse van die ontwerpveld, -proses en -tegnieke wat in AFDELING B (Onderwerp 2) gebruik sal word.
- Moedig die leerders aan om soveel verskillende interpretasies en opsies as moontlik te ondersoek. Monitor en lei die leerders noukeurig terwyl hulle die opdrag/tema navors.
- Onderwerp 1 dra dieselfde gewig as Onderwerp 2 (die finale produk). Daar moet dus genoeg tyd daaraan bestee word om die belangrikheid daarvan te erken.
- As gevolg van die voorbereidende aard van Onderwerp 1 word leerders toegelaat om by die huis te werk. Die onderwyser mag by die voorafgaande voorbereidingsessie betrokke wees.
- Die werkboek bied insig in die manier waarop die leerders idees gevorm en 'n verskeidenheid prosesse ondersoek het wat tot die finale werk lei. Die werkboek moet duidelik alle denkprosesse kommunikeer wat tot die maak van die finale produk lei.
- Direkte kopiëring van 'n visuele beeld of ontwerp wat nie die leerder se eie is nie, sal gepenaliseer word. Dit is plagiaat en is onaanvaarbaar. Die grootste klem word gelê op die proses van **transformasie** van die bronmateriaal.
- Die werkboek/bronboek moet maklik kan oopmaak en bladsye hê wat maklik omblaai en moet van ligte materiaal gemaak word om vervoer te fasiliteer, waar van toepassing.
- Alle proseswerk/voorbereiding vir die ontwerp moet in 'n bronboek/ werkboek (A3-grootte voorgestel) getoon word. Dit behels:
  - Die proses van konseptualisering tot realisering
  - Bewyse van navorsing, vrugbare idees/ontwikkelingskonsepte (bv. klein sketse ('thumb-nail sketches'), stemmingsborde ('mood boards'))
  - Bewyse van beplanning wat betrekking het op die ontwerpopdrag (kan storieborde, sketse, klein sketse, konseptuele tekeninge, tonale tekeninge, rowwe beplanningsketse ('scamps'), makette OF prototipes wees met betrekking tot die finale konsep)
  - Bewyse van eksperimentering met verwysing na die ontwerpopdrag
  - Bewyse van beplanning van die finale uitstallinguitleg, waar van toepassing
- Die werkboek moet individualiteit en kreatiwiteit weerspieël.
- Maak seker dat die werkboek professioneel aangebied word.

AFDELING B: PRODUK (Onderwerp 2) [50]

- Alle werk vir Onderwerp 1 moet voltooi word voor die aanvang van die Onderwerp 2-eksamenwerk. Leerders moet die Onderwerp 1-bronboek as verwysing tydens hul Onderwerp 2-eksamen gebruik. Beide Onderwerp 1- en Onderwerp 2-eksamenwerk moet by die eksamenbeampte/onderwyser ingelewer word onmiddellik nadat die Onderwerp 2-eksamen voltooi is. Die inleweringsdatum sal deur elke provinsie in 'n amptelike brief bepaal word.
- DIE ONDERWYSER MAG **NIE** DIE KANDIDAAT **OP ENIGE WYSE** TYDENS DIE FINALE PRODUKSIE VAN DIE ONTWERP (Onderwerp 2) **HELP NIE**.
- Onderwerp 2 moet by die leerder se eksamensentrum of geregistreerde kuns- en ontwerpsentrum, onder toesig, gedoen word. Onderwerp 2 werk mag NIE tuis gedoen word NIE en mag NIE uit die eksamenlokaal verwyder word NIE.
- Alhoewel dit aanbeveel word dat 'n tweedimensionele ontwerp nie groter as A2-grootte moet wees nie, word leerders se werk **nie beperk ten opsigte van grootte nie**.
- Die grootte van 'n twee- of driedimensionele ontwerp sal afhang van die funksie van die voorwerp wat gemaak word. Hou in gedagte dat die finale produk moontlik na 'n sentrale nasiensentrum vir uitstalling-/nasiendoeleindes in sommige provinsies vervoer moet word.
- Dit moet 'n aansienlike hoeveelheid werk wees wat ten minste 12 uur en nie meer nie as 24 uur verteenwoordig.
- **LET WEL:** Enige twee- of driedimensionele handwerkontwerp, gegrond bloot op handwerkprosesse soos découpage, ens. vir dekoratiewe doeleindes, sal NIE aanvaar word NIE. Handwerkprosesse moet gebruik word om 'n oorspronklike produk te skep.
- Enige vorm van direkte kopiëring/plagiaat of werk wat nie deur die leerder self gedoen is nie, sal streng gepenaliseer word.
- 'n Verklaring van egtheid moet deur elke kandidaat (ADDENDUM A) voltooi word. Werk moet op 'n deurlopende basis tydens kontaktyd gedoen word, gedurende vier agtereenvolgende dae van 6 uur elk of volgens die skool se goeddunke.
- Heg ADDENDUM A aan beide Onderwerp 1- en Onderwerp 2-werk.
- Elke provinsie sal die proses betrokke by die nasien van Onderwerp 1 (bronboek/proses) en Onderwerp 2 (finale produk) bepaal. Skole sal deur die provinsies in kennis gestel word ten opsigte van datum, tyd en plek vir die voorlegging van werk aan die eksamensentrums, waar van toepassing.
- Die eksamenwerk van Onderwerp 1 moet professioneel aangebied word in 'n werkboek/bronboek (A3-formaat voorgestel).
- Onderwerp 1 en Onderwerp 2 moet netjies en duidelik gemerk word.
- Moet NIE eksamen-Onderwerp 1 en -Onderwerp 2 met PAT'e 1, 2 en die proefeksamen prakties (jaarwerk) verwar of meng NIE.
- Hou asseblief by die puntetoekenning wanneer daar nagesien word.

ASSESSERINGSKRITERIA

AFDELING A: BRONBOEK/WERKBOEK

KRITERIA	
Uitdrukking van intensie/bedoeling en beredenering	10
Bewyse van navorsing, eksperimentering en besinning	10
Bewyse van gedetailleerde beplanning en aanbieding wat verband hou met die finale konsep	30
TOTAAL	**50**

AFDELING B: DIE PRODUK/PRAKTIES

KRITERIA	
Kreatiwiteit/Oorspronklikheid/Interpretasie ten opsigte van die konsep en oplossing(s) wat betrekking het op die opdrag	10
Bewyse van ontwerpbetrokkenheid: Die gepaste gebruik van ontwerp-elemente en -beginsels	10
Tegniek/Vakmanskap/Metode	10
Die ontwerpoplossing moet bewyse van ten minste 12 uur se werk onder gekontroleerde omstandighede toon	10
Professionele aanbieding en funksionaliteit van die finale ontwerpoplossing	10
TOTAAL	**50**
GROOTTOTAAL	**100**

ASSESSERINGSKRITERIA VIR PRAKTIESE WERK

Uitstaande	90–100	Uitsonderlike vermoë, rykheid, goeie insig, vlot, hoë vaardigheidsvlak, waarneming en kennis kragtig uitgedruk, ondersteun deur 'n hoogs oorspronklike of ongewone keuse van relevante visuele verwysings: **uitstaande en oorspronklike aanbieding.**
Uitstekend	80–89	Treffende impak, die meeste van bogenoemde, gedetailleerd, goed georganiseer en samehangend, afgewerk, vaardigheid duidelik, ondersteun deur oorspronklike/ongewone/relevante visuele verwysings, aanbieding is oorspronklik en deurdink: **'n paar klein gebreke sigbaar**.
Baie goed	70–79	Goed georganiseerd, soos hierbo, maar sonder die 'gloei en sprankel', goeie vlak van bevoegdheid en keuse van inhoud, ondersteun deur 'n goeie keuse van relevante visuele bronne, duidelike sorg en moeite gedoen met oorspronklike aanbieding: **'n paar duidelike teenstrydighede/foute sigbaar**.
Goed	60–69	Interessante visuele aanbieding, duidelike bedoeling, oortuigend, eenvoudige en direkte gebruik van medium, toon begrip maar neig na die gewone en stereotipiese oplossings met tye, genoegsame keuse van relevante visuele verwysings, redelike moeite gedoen met aanbieding: **steurende/duidelike teenstrydighede**.
Gemiddeld	50–59	Voldoende, voel meganies, afgelei of gekopieer, min insig, verbeeldingloos, sommige visuele verwysings nie altyd duidelik geïdentifiseer nie, billike aanbieding: **baie steurende teenstrydighede**.
Ondergemiddeld	40–49	Genoeg materiaal/werk om te slaag, nie logies saamgestel nie, 'n paar flitse van insig, beperkte versameling inligting, swak tegniese vaardighede mag 'n bydraende faktor wees, min gebruik van visuele inligting, lomp of nalatige aanbieding: **benodig ondersteuning/ motivering om te slaag**.
Swak	30–39	Visueel oninteressant, onkreatief: beperkte/swak tegniese vaardighede gebruik, minimale poging om inligting aan te bied op 'n aanvaarbare wyse, min of geen visuele inligting/verwysing, algemene gebrek aan toewyding: **benodig ondersteuning/motivering om te slaag**.
Baie swak: Slaag nie	20–29	Baie min inligting, deurmekaar, nie maklik om waar te neem met **min of irrelevante werk/visuele inligting**. Geen poging is aangewend om werk op 'n aanvaarbare wyse aan te bied nie. Algemene gebrek aan toewyding/samewerking.
Onaanvaarbaar: Slaag nie	00–19	Onsamehangend, **irrelevant, baie min of geen werk**, gebrek aan selfs beperkte vaardighede toegepas. Geen betrokkenheid/samewerking.

2.4 Kognitiewe vlakke

Kognitiewe Vlak	Persentasie
Laer orde: kennis en begrip	30
Middel-orde: toepassing	40
Hoër orde: analise, evaluering en sintese	30

KENNIS	BEGRIP	TOEPASSING
onthou, dink terug, vertel, maak 'n lys, skryf, vind, noem, spoor op, ens.	verduidelik, beskryf, bespreek, onderskei, beskryf kortliks, ens.	implementeer, aflei, los op, toon, illustreer, klassifiseer, konstrueer, ondersoek, ens.
ANALISE	**SINTESE**	**EVALUERING**
ontleed, vergelyk, interpreteer, ondersoek, organiseer, verduidelik, ens.	skep, bedink, beplan, voorspel, ontwerp, stel voor, formuleer, ens.	beslis, besluit, regverdig, debatteer, reflekteer, prioritiseer, argumenteer, ens.

HOOFSTUK 3: UITBREIDING VAN DIE INHOUD VIR GRAAD 12 (KABV)

GRAAD 12 – OORSIG VAN ONDERWERPE

Onderwerp 1: Ontwerpproses en beïnvloedingsfaktore

Proses

Demonstreer 'n deeglike begrip van die interafhanklike aard van die beplannings-, uitvoerings- en refleksiesiklus wat die ontwerpproses inlig:

- Werk vanaf 'n opdrag of identifiseer 'n behoefte, 'n probleem of 'n geleentheid.
- Ondersoek die konteks.
- Ontwikkel idees en ondersoek verskillende benaderings en metodes.
- Ondersoek die gebruik van gepaste materiale en produksietegnieke.
- Verskaf voorbeelde, prototipes of makette/skaalmodelle.
- Evalueer die idees wat voorgestel is en kies die beste oplossing.
- Verkry kennis en waardering vir ontwerp as 'n kragtige instrument van verandering wat lewenskwaliteit kan verbeter.

Beïnvloedingsfaktore

- Kennis en 'n waardering van estetika en funksionaliteit, tendense en markte.
- Kennis van die verskil tussen ontwerp vir 'n behoefte en ontwerp vir 'n gehoor binne 'n konteks.
- Kennis en 'n waardering van verantwoordelike ontwerppraktyk.
- Voortgesette ontwikkeling van tekenvaardighede.

Ontwerp in 'n besigheidskonteks: Navorsing

- Een bekroonde Suid-Afrikaanse ontwerper, ontwerp-agentskap of maatskappy.
- 'n Basiese begrip van die bemarking van ontwerpprodukte in terme van teikenmark, verpakking en advertering (deur die gebruik van massamedia, gemeenskapsradiostasies, geredelik beskikbare fasiliteite vir markblootstelling en advertensiedoeleindes).
- 'n Begrip van verantwoordelike ontwerp deur deurgaans menseregte en omgewingskwessies te oorweeg.
- 'n Begrip van die kopieregwet ten opsigte van die beskerming van ontwerpe en kunswerke.
- Uitstappies om loopbaan- en tersiêre geleenthede in ontwerp te ondersoek.
- Loopbaangeleenthede binne die ontwerpdissipline: omvang, werksfeer, opleiding benodig en opleidingsbeskikbaarheid.

Onderwerp 2: Ontwerpproduksie, tydsbestuur en veilige praktyk

Ontwerpproduksie – die maak en aanbieding van die produk

- Pas bewyse van die ontwerpproses toe en verskaf bewyse. (Die finale produk/oplossing moet duidelike bewyse van die ontwerpproses toon, asook die toepaslikheid op die opdrag/probleem.)
- Demonstreer vaardigheid met die gebruik van materiale en tegnieke wat gekies is om ontwerpoplossings te skep.
- Bied 'n ontwerpoplossing aan en kommunikeer die ontwerpoplossing doeltreffend.
- Interpreteer, gebruik en verduidelik die keuse van ontwerpelemente, beginsels en materiale van die finale produk, diens of omgewing.

Tydsbestuur

- Self-dissipline.
- Beplan, organiseer en bestuur eie werk.
- Hou by tydskedules of spertye.

Veilige praktyk

- Veilige werkspraktyke ten alle tye tydens die gebruik van materiale en toerusting.
- Verstaan die gesondheids- en omgewingsimplikasies wat met die gebruik van materiale verband hou, en pas dit toe.

Onderwerp 3: Ontwerpteorie:

- **Geskiedenis en geletterdheid**
- **Ontwerp in 'n sosiokulturele/omgewings- en volhoubare konteks**

Ontwerpgeletterdheid

- Pas die teorie en die terminologie wat ontwerp in beide teorie en prakties ondersteun en beskryf, met vertroue toe.

Ontwerpgeskiedenis

- Goeie kennis van die geskiedkundige ontwikkeling, eienskappe en invloede van style in ontwerp.
- Hersien ontwerpbewegings soos geleer in graad 10 en 11 (Grieks, Romeins, Goties, Renaissance, Barok, Rococo, Neoklassiek, Victoriaans, die Industriële Eeu, Kuns en Kunsvlyt, Art Nouveau, Bauhaus, Art Deco, Modernisme en Skandinawies): moet voorbeelde van verskillende kategorieë ken (bv. visuele kommunikasie/inligtingsontwerp, oppervlakontwerp, produkontwerp en omgewingsontwerp) sodat 'n wye verskeidenheid kategorieë gedek is. [KWARTAAL 1]
- Pop Age en Postmodernisme (fokus op EEN ontwerpkategorie): moet in staat wees om na 'n voorbeeld van ten minste EEN ontwerper en ontwerp vir elke beweging te verwys. [KWARTAAL 1]
- Verstaan die invloed van een of beide van die bostaande twee bewegings (Pop Age en Postmodernisme) op EEN BEKROONDE KONTEMPORÊRE INTERNASIONALE ONTWERPER. [KWARTAAL 1]
- 'n Kort oorsig van argitektuur en die vermoë om klassieke argitektuur met kontemporêre argitektuur te vergelyk om invloede, ooreenkomste en verskille te kan uitwys. [KWARTAAL 3]

Ontwerp in 'n sosiokulturele/omgewings- en volhoubare konteks

- Verstaan en interpreteer tekens en simbole, stereotipering, vooroordeel en partydigheid in ontwerp.
- Demonstreer 'n begrip van die ontwerper se verantwoordelikhede in verhouding tot omgewingskwessies en volhoubare ontwerp.
- Bestudeer DRIE twee- en/of driedimensionele Suid-Afrikaanse en/of Afrika-handwerkontwerpers, hede en verlede (kan handwerksentrums en gemeenskapsprojekte insluit) en demonstreer 'n begrip van die maniere waarop hierdie ontwerpe gebruik kan word om sosiale, kulturele, omgewings- en etiese kwessies te versterk of uit te daag. EEN van hierdie ontwerpers of ontwerpgroepe moet duidelik aandag gee aan SOSIALE EN/OF KULTURELE kwessies en EEN moet duidelik aandag gee aan OMGEWINGSKWESSIES. [KWARTAAL 2]
- Bestudeer DRIE BEKROONDE internasionale ontwerpers. EEN moet duidelik aandag gee aan SOSIALE EN/OF KULTURELE kwessies en EEN moet duidelik aandag gee aan OMGEWINGSKWESSIES. [KWARTAAL 3] HIERDIE DRIE ONTWERPERS WORD AANVULLEND TOT DIE INTERNASIONALE EEN IN KWARTAAL EEN BESTUDEER SAAM MET POP EN POSTMODERNISME.

HOOFSTUK 4: ALGEMENE VAKINLIGTING

4.1 Terminologie

Daar word van leerders verwag om 'n uitgebreide ontwerpwoordeskat tot hulle beskikking te hê teen die einde van graad 12 en onderwysers word aangemoedig om 'n woordelys uit te deel om seker te maak dat leerders hierdie terme ken en verstaan. Ontwerpterme wat aan die Ontwerpgeskiedenis se bewegings verwant is en wat in kontemporêre ontwerptydskrifte gebruik word, moet deel word van die woordeskat wat hulle gebruik as hulle oor ontwerpe skryf en wanneer hulle hul eie ontwerpe bespreek. Hierdie terminologie moet ook gebruik word in die opstel van toetse en eksamens.

4.2 Hulpbronne

- Gereelde, volgehoue besoeke aan en besprekings van kontemporêre uitstallings word sterk aanbeveel.
- Waar besoeke onmoontlik is (bv. skole in landelike gebiede), moet koerantresensies, die Internet, groot afdrukke van ontwerpe, CD's, televisie, ens., sowel as genooide ontwerpers, gereeld geraadpleeg word.
- Daar sal van leerders verwag word om vertroud te wees met **ten minste EEN** onlangse plaaslike uitstalling.
- **LET WEL:** Onderwysers moet hul eie versameling klasnotas, naslaanboeke, katalogusse en tydskrifte, foto's, skyfies, video's, ens. ontwikkel en gebruik om waardevolle onderrig- en leermateriaal vir die teorie-inhoud en praktiese vaardighede wat deur die Ontwerpkurrikulum vereis word, te voorsien.
- Alle onderwysers word aangemoedig om hulpbronne in groepe of klusters te deel en te ontwikkel sodat die werklas en inligting gedeel kan word.

4.2.1 LOOM

- Handboeke wat deur die DBO goedgekeur is.
- Verbande moet getrek word tussen internasionale en Suid-Afrikaanse ontwerp met betrekking tot invloede en ooreenkomste in, byvoorbeeld, styl, tegniek, benadering, inhoud en konteks om globale ontwerp en neigings te verstaan.
- Die klem op Ontwerpgeletterdheid maak hierdie 'n dinamiese en interaktiewe vak. Leerders moet gelei word om aktief deel te neem deur middel van vrae, besprekings, debatte, speletjies en ander interaktiewe aktiwiteite. Gebruik Ontwerpgeletterdheid om leerders se praktiese werk te versterk.
- Die klem moet op die visuele beelde wees om die wisselwerking tussen ontwerp en die samelewing te toon. Die wys van visuele beelde in die vorm van skyfies, PowerPoint-aanbiedings, fotostate, DVD's, videosnitte, ens. is noodsaaklik en leerders moet betrokke wees by hierdie beelde in die klas.
- Gee aan leerders baie geleenthede om oor ontwerp te skryf, hul skryfvaardighede te ontwikkel en ontwerpterminologie te gebruik. Hierdie geskrewe werk hoef nie in die vorm van lang navorsingsopstelle te wees nie, maar kan korter, meer gereelde take wees (bv. skryf oor ontwerpe gesien by 'n uitstalling, 'n ontleding van 'n onbekende voorbeeld(e), leerders se eie voorbeelde, werkopdragte, flitskaarte).

Kopiereg voorbehou

- Moedig leerders aan om formele en informele ontwerpuitstallings te besoek, te lees en resensies van uitstallings te versamel, deur ontwerptydskrifte, katalogusse en boeke te lees en te kyk en navorsing op die Internet te doen.

4.2.2 LOOM (onderworpe aan verkrygbaarheid)

- Enige ontwerptydskrif, bv. *House and Leisure*, *World of Interiors*, *Visi*, *Elle Deco*
- Artikels vanaf Internetwebtuistes, bv. **www.designmagazine.co.za** en **http://www.designmagazine.co.za/designed.shp**
- Handboeke wat deur die DBO goedgekeur is
- Woolworths se *Making the Difference through Design Daily*-bronboek

HOOFSTUK 5: ALGEMENE RIGLYNE VIR DIE BEANTWOORDING VAN ONDERWERP 3

- Die leerder moet die vraestel deeglik deurlees en sleutelopdragte in vrae eers onderstreep/omsirkel en dan beantwoord.
- Dit is belangrik dat argumente en stellings goed beredeneer en gemotiveer is.
- Inligting en ontwerpwerke wat in een antwoord bespreek is, mag NIE in ander antwoorde herhaal word NIE.
- Leerders moet die naam van die ontwerper en titel van elke ontwerpwerk noem waar van toepassing EN DIT MOET ÓF IN AANHALINGSTEKENS GEPLAAS WORD ÓF ONDERSTREEP WORD.
- Leerders moet alle vrae in VOLSINNE of PARAGRAWE beantwoord, waar van toepassing. Puntsgewyse antwoorde kan nie volpunte ontvang nie.

VOORGESTELDE TYE OM ELKE VRAAG TE BEANTWOORD	
VRAAG	**TYD (minute)**
1	20
2	20
3	20
4	45
5	30
6	30
Lees van vrae	15
	TOTAAL: 180 (3 uur)

HOOFSTUK 6: SLOT

Dit word in die vooruitsig gestel dat hierdie Eksamenriglyne-dokument as 'n instrument sal dien om onderwysers te versterk en te bemagtig om geldige en betroubare assesseringsitems in al hul klaskameraktiwiteite op te stel.

Hierdie Eksamenriglyne-dokument is bedoel om die assesseringsaspirasies wat in die KABV-dokument voorgestaan word, te verwoord. Dit is derhalwe nie 'n plaasvervanger van die KABV-dokument, wat onderwysers vir onderrig moet gebruik, nie.

Kwalitatiewe kurrikulum-dekking, soos uiteengesit in die KABV, kan nie oorbeklemtoon word nie.

Kopiereg voorbehou